# "BEWAAR U KERK EN LAAT DIT GROEI" - 'N WAARDERENDE BLIK OOR DIE SENDINGWETENSKAPLIKE BYDRAE VAN PROF J H SMIT.

G. van der Watt.[1]

## OPSOMMING

As eerste hoof van die Departement Sendingwetenskap aan die Fakulteit Teologie UOVS, het Prof J.H. Smit 'n benadering gevestig waarin sending veral ook as gemeentegroei (Kerkgroei) verstaan en dus aan die gemeentebediening gekoppel is. Hierdie benadering en die sendingwetenskaplike bydrae van Smit kom in hierdie artikel aan die orde.

## SUMMARY

As the first head of the Department of Missiology in the Faculty of Theology UOFS, Prof. J. H. Smit established a missiological approach whereby mission is especially understood as the growth of the congregation(church) and thus connected to the ministry of the congregation. This approach and contribution of Smit is reviewed in this article.

Op 17 Augustus 1980 word Jacobus Hendrik Smit bevestig as professor en hoof van die Departement Sendingwetenskap aan die nuutgestigde Fakulteit Teologie aan die UOVS. 'n Eie, vars benadering kon gevestig word. Wat was die benadering? Watter invloed het dit op die sendingpraktyk van die Ned Geref Kerk van die Oranje Vrystaat gehad? Hierdie artikel poog nie om 'n volledige, historiese beoordeling daar te stel nie; dit kan bloot 'n waarderende blik op Prof Smit se benadering en bydrae werp.

## 1. SENDING AS GEMEENTEGROEI.

'n Klinkklare, allesomvattende definisie van die kerk se sendingroeping in 'n veranderende wêreld is nie haalbaar of selfs wenslik nie (Bosch 1991:1-11, Smit 1989c:551). In 'n snel veranderende wêreld bly die Ned Geref Kerk ook worstel om die sendingtaak te verstaan (Robinson en Botha 1986), 'n

1 Dr. G. van der Watt, predikant Ned Geref Kerk, Paul Roux.

worsteling waaraan Smit met ywer meedoen (1986c, 1988a, 1988c, 1988d, 1989c, 1991c, 1991e). Vir die verstaan van die kerk se sendingroeping is dit belangrik om na die (kerk)sendinggeskiedenis te luister (1974:deel 1, 1986c, 1988d) en 'n helder visie te verkry op God se wêreld waarin die koninkryksevangelie bedien moet word (1991e). Die belangrikste is egter om enduit na die Skrif te luister (1974:deel 2,1982e:8-11). In sy uitklaring van die kerk se sendingroeping bou hy voort op die gereformeerde tradisie waarin hy op Stellenbosch (G.B.A. Gerdener en W.C. Van der Merwe) en te Kampen (A. Honig en H. Bergema) geskool is en wat hy in die werke van Nederlandse teoloë soos H. Kraemer, H. Ridderbos, J. Verkuyl en veral J .H. Bavinck vind, asook by Suid Afrikaanse kollegas soos W.D. Jonker en D.J. Bosch. Hy het egter ook duidelik 'n eie, weldeurdagte benadering.

Sending is in die eerste plek trinitaries te fundeer; dit is die sending van God Drie-enig (missio Dei), waarby die kerk (missio ecclesia) ingeskakel word (1989c:551). Die vertrekpunt vir sending lê ook in die verbond. As Verbondskoning oor die ganse geslag van Adam het God 'n aanspraak op elke mens. Soos die Ou Testamentiese verbondsbedeling, behels uiteindelike ook die bediening van die genadeverbond in Christus 'n tweërlei gerigtheid: verbondsherstel onder Israel en verbondsuniversalisme onder die nasies (1988c, 1988d:26, 1989c:552). Sending het ook 'n koninkryksperspektief (1974:262). Christus is Koning oor sy koninkryk en oor die volk van sy koninkryk (die kerk). Die bediening van die koninkryksevangelie behels dus ook 'n tweërlei gerigtheid: die bewaring en die groei van die kerk (HK Sondag 48). Dit beteken gemeente-opbou en sending (1986c:129, 1988a:201, 1988d:39, 1989c:553, 1991e 51).

Dit is veral in die ekklesiologiese perspektief op die sending waarin Smit se kenmerkende benadering setel. Om die kerk se sendingroeping te begryp, is dit noodsaaklik om eers 'n helder blik op die Bybelse verstaan van die kerk te kry. Die twee beelde wat in dié verband vir hom van groot belang is, is dié van die kerk as "volk van God" en as die "liggaam van Christus". Die Nuwe Testamentiese begrip "ekklesia" kan heilshistories-eskatologies (1974:200, vgl Ridderbos 1966:34) afgelei word van die Ou Testamentiese Qehal Jahwe - volk van God. Qehal Jahwe was nooit as afgeslote, etniese begrip verstaan nie; dit het oopgestaan na die heidene. Ekklesia is van huis uit dus 'n missionêre begrip: as verbondsvolk het die kerk 'n wesenlike missionêre dimensie (1974:209ev, 1988a:198, 1988d:40, 1989c:554). Dit geld ook die beeld van die kerk as liggaam van Christus. Hierdie liggaam funksioneer as organiese eenheid in sy opbou. Op grond van 'n eksegetiese

studie van 'n aantal teksgedeeltes oor die opbou van die gemeente, maar veral in aansluiting by Roberts (1963) se eksegese van Ef 4:11-16, kom hy dan tot die gevolgtrekking dat die (een) bediening van die gemeente 'n tweërlei dimensie behels: intensiewe opbou en ekstensiewe uitbou (1988a:200). Hy waarsku dat dit nie 'n keuse tussen of die een of die ander of eers die een en dan die ander beteken nie (1974:240). Sending behoort ook nie die werk van vrywilligers ('n organisasie) buite die gemeente of selfs net die werk van een van vyf kommissies in die gemeente te wees nie; dit is 'n wesenlike dimensie van die hele gemeente se koninkryksroeping, dus van elke diensaksie in die gemeente. Sending is gemeentegroei (1986c:129). Onvermoeid sou hy hierdie visie by studente, leraars en gemeentes probeer tuisbring.

Waar sending as die groei en eventuele afstigting van die een bestaande gemeente of kerk verstaan word, het dit ook ander implikasies. Dit impliseer misionêrgerigte, oop deure en oop lidmaatskap vir nuwe bekeerlinge uit die gemeentesending. Dit vra ook 'n nuwe besinning oor die tradisionele "sendingbeleid" van die planting van afsonderlike jongkerke (1986c), die verhouding tussen die Ned Geref Kerk en die Ned Geref Susterskerke, gesamentlike sendingprojekte met susterskerke en strukture vir die samewerking (1986c:131). In terme van sending as gemeentegroei en die eventuele afstigting van die een kerk pleit hy dus vir kerklike eenheid in sowel gesindheid as strukture (1985:b:188, 1986b:66ev, 1988f:75ev), ook ter wille van die kerk se geloofwaardige getuienis in die wêreld. Hy voorsien terselfdertyd egter ook in hierdie benadering ruimte vir inheemse bediening/gemeentes (1986c) binne die een kerkverband. Hierdie benadering sou neerslag vind in kerklike besluite, byvoorbeeld oor strukture vir samewerking op gemeente-, rings- en sinodale vlak (Agenda Ned Geref Sinode OVS, 1991:237, 250). Of die benadering in die praktyk oral die tradisionele beskouing en allerlei weerstande sou deurbreek, moet nog beantwoord word. In elk geval het hy bepleit dat lidmate met pastorale deernis gehelp word om die implikasies daarvan in die praktyk te verwerk (1990).

## 2. DIE AMP VAN DIE SENDINGLERAAR.

Die tradisionele sendingdoelstelling van die planting van afsonderlike, selfstandige en inheemse kerke het in die praktyk uitgeloop op die vestiging van aparte jongkerke, maar wat in meeste opsigte baie afhanklik gebly het. Dit het in die sestigerjare, met die sterk onafhanklikheidsdrang in die jongkerke, 'n omwenteling in sendingdenke en -praktyk genoodsaak. Die heersende

beskouing oor die amp en taak van die tradisionele sendeling in die jongkerk het hiermee ook in gedrang gekom. Waar behoort so 'n persoon kerklik in te skakel en onder wie se toesig? En wat van 'n sendeling in 'n sendingsituasie, dit wil sê voor gemeentestigting? Die opleiding van sendelinge (eerwaardes met 'n mindere status) aan die Sendinginstituut is gestaak en teologiese fakulteite moes uitklaar hoe die leemte gevul sou word. Is daar 'n prinsipiële verskil tussen die amp van gemeenteleraar en dié van 'n sendeling? Die vrae het vermenigvuldig en die dosent van Dingaanstat en die Universiteit van Zoeloeland sou met 'n tydige doktorale proefskrif (1974) die Ned Geref Kerkfamilie aan 'n Skriftuurlike uitklaring help.

Die antwoord lê vir hom in die noue organiese verband tusssen kerk, bediening (sending) en amp (1988a). Sending en gemeente-opbou is die twee dimensies van die een bediening van die gemeente. Sending staan dus nie los van die gemeentebediening nie. Christus self is deur sy Woord en Gees die outeur van die opbou, maar as instrumente vir die gemeente-opbou (met die tweërlei dimensies van intensiewe opbou en ekstensiewe uitbou/sending) gee Hy die ampte as gawes. Die amp van ouderling, diaken en gemeenteleraar behels dus die hele spektrum van gemeentebou: insamel en opbou, gemeentebou en sending. "Daar is dus nie 'n afsonderlike woord vir die amp van gemeentebediening en 'n ander een vir missionêre bediening nie. 'n Leraar het een omvattende roeping en bediening: die evangeliebediening" (1988a:203). Ook die leraar in 'n jong gemeente is dus bedienaar van die Woord, met as opdrag gemeentebou en sending.

Die missionêre leraar(sendeling) is ook netso bedienaar van die Woord, maar dan net met 'n spesiale opdrag om as gestuurde van 'n gemeente of gemeentes in meerdere verband of 'n gesamentlike aksie van susterskerke, die Woord in 'n sendingsituasie te gaan verkondig (1974:324). Sodra bekeerlinge in so 'n pionier sendingsituasie aan mekaar verbind word as sigbare liggaam van Christus en die Woord en sakramente onder begeleiding van die Gees en onder toesig van die ampte bedien word, is dit 'n gemeente in Christus. Dit het dan 'n onvervreembare "potestas ecclesiastica" (1974:350). Ongeag finansiële afhanklikheid of lidmaatgetalle, is dit dus nie meer sendingobjek nie en kan die gemeente die sendeling dan beroep as gemeenteleraar met as opdrag: gemeente-opbou en sending. Hierdie insigte reflekteer mettertyd ook in kerklike besluite, byvoorbeeld wanneer die Algemene Sinode opnuut die benaming, status en funksie van sendingleraars uitklaar (Agenda Alg Sinode 1990:319).

Wanneer die nuutgestigte Departement Sendingwetenskap aan die UOVS sy doelwitte formuleer, staan dit duidelik: om studente toe te rus vir die missionêre dimensie van die gemeentebediening in sowel die Ned Geref Kerk as die jonger susterskerke en om as bedienaars van die Woord in 'n suiwer missionêre situasie te kan arbei (1986b:74). Dat elke leraar in elke bedieningsituasie dus 'n wesenlike sendingroeping het, bring hy gereeld en met oortuiging by sy studente tuis.

Vanuit hierdie ampsbeskouing kon Smit aansluit by die aandrang, veral uit sendinggeledere, dat daar ruimte gemaak moet word vir die bevestiging van tentmakerleraars. Dit bied allerlei moontlikhede vir groter sendingbetrokkenheid, veral vir gemeentes. Hierdie oortuiging is versterk tydens sy bywoning van die Lausanne 2 Kongres te Manilla in 1989. Anders as die praktyk in die Lausanne-beweging, waar tentmakerleraars toenemend deur evangeliese sendinggenootskappe uitgestuur word, stel hy egter 'n kerklike (gemeentelike) koppeling as voorwaarde. Hy roep gemeentes op om die opwindende nuwe uitdagings te aanvaar en ook mense uit ander beroepsgroepe as tentmakersendelinge uit te stuur (1991b:510).

Wat die aktuele debat oor die vrou in die amp betref, toon hy aan dat die sogenaamde swyggebod in 1 Kor 14:34-35 en 1 Tim. 2:11-12 nie op 'n eksegeties verantwoordbare wyse as argument gebruik kan word om die vrou uit die amp (ook dié van missionêre leraar) te weer nie (1989a).

## 3. DIE KERKLIKE DEBAT VAN DIE TAGTIGER-JARE.

In die tagtigerjare moes die Suid Afrikaanse samelewing gereed kom vir 'n onafwendbare, dramatiese sosio-politieke verandering. Die tydperk is gekenmerk deur 'n intense kerklik-teologiese debat waaraan die Ned Geref Kerk nie kon ontsnap nie. Vanuit die geledere van die Ned Geref Kerkfamilie is beskuldiginge van kettery ge-opper en kragte gemonster om die Ned Geref Kerk ekumenies te isoleer. 'n Status Confessionis is afgekondig (1982) en die Belhar-belydenis aanvaar (1986). Vanuit die breër Suid-Afrikaanse ekumene is die Kairos- (1986) en later die Road to Damascus-dokument (1989) op die kerklike agenda geplaas. Die Teologie van Bevryding het homself duidelik hoorbaar gemaak. In die Ned Geref Kerk is geworstel om los te kom van 'n noue verbintenis aan die apartheidsideologie en 'n eksklusiewe volksbelang. Kerk en Samelewing (1986, 1990), 'n skuldbelydenis, 'n traumatiese kerkskeuring en angstige pogings om lidmate te

kalmeer, kenmerk hierdie tydperk in die Ned Geref Kerk se geskiedenis.

Studente moes voorberei word vir 'n bediening in die veranderende samelewing. Die Departement Sendingwetenskap het gevolglik hierdie hele debat intens gevolg, studente daarin begelei en self ook betrokke geraak by die kerklik-teologiese gesprek. Daarom wy die departementshoof sy professorale intreerede aan die manier waarop Skrifantwoorde uit die "wit" en die "swart" situasie vir die debat gesoek behoort te word (1982e).

Vir Smit was dit van groot belang om tot die hart van die gesprek deur te dring. Dit setel vir hom in die verskillende hermeneutiese sleutels waarmee gespreksgenote die Skrif wil ontsluit. Tereg het die nuwere hermeneutiek die aandag gevestig op die situasie waaruit vrae aan die Skrif gevra word. Maar dan moet daar ook openheid bly vir die vrae wat God vra en die boodskap wat Hy gee en wat uiteraard veel ruimer is as die mens se bepaalde vrae en situasie. Met hierdie basiese vertrekpunt van die Gereformeerde Skrifbeskouing, naamlik die ongelyke relasie tussen teks en teoloog/situasie, is hy bereid om "in isolement" te gaan (1982e:8).

Eenstemmigheid oor die hermeneutiese sleutels waarmee die Skrifgesag in elke situasie ontsluit word, moet gesoek word in wat as die skopus en boodskap van die Srif verstaan word. Vir hom is die skopus: " God Drie-enig wat Hom openbaar sodat sy Naam verheerlik kan word, ons Hom kan ken, verlos word en in sy Koninkryk vir Hom begin lewe". Vir 'n teoloog soos A. Boesak is die skopus van die Skrif: "Jahwe as bevryder". Teenoor Boesak se verstaan van die boodskap van die Skrif as "die Evangelie van Jesus die Bevryder", en dan bloot bedoel as inspireerder tot selfbevryding uit 'n sosio-politieke situasie (1987b:70ev), is die boodskap vir Smit: "Die Evangelie van Jesus Christus die Verlosser en Here (kurios)" (1982e:13). In die debat is die eerste opgawe dus 'n soeke na 'n Bybelse hermeneutiek waarby die wit en swart teoloog aansluiting kan vind. Daarna behoort vanuit die wit en swart situasies na mekaar en dan saam, enduit na die Skrif geluister te word (1982e:16).

Vir hierdie opgawe het hy sy studente help voorberei, onder andere met 'n handboekie wat hy saam met kollega Potgieter opgestel het (1988b). Met 'n Bybelkorkursus oor die bevrydingsteologie het hy ook die breër kerklike publiek aan 'n beter begrip van hierdie aktuele debat probeer help (1988g:2).

## 4. OMVATTENDE WOORDVERKONDIGING.

Wat die sendingmetodiek betref, skerm Smit aan die een kant teen die

eensydige klem op sosiale aksie (verwaterde evangelie), soos dit in kringe van die sogenaamde "ecumenicals" gevind word. Aan die ander kant moet daar ook gewaak word teen die verskraalde evangelie wat soms die "evangelicals", met hul klem op net die redding van siele, kenmerk (1989b). In beide gevalle word die ander dienste, soos ontwikkeling, mediese hulp, missionêre diakonaat en stryd om geregtigheid, losgemaak van die Woordbediening. Hy pleit dus vir 'n omvattende benadering waar die "dienste" nie naas, onder of selfs bo die Woordbediening gestel word nie, maar as wesenlike deel daarvan. Dit is die eenvoudige heilswoord van die Koning(of koninkryk) wat die hele mens en die hele wêreld raak (1991e:49. Vgl. ook Bavinck 1954:105). Die lig van hele evangelie van Jesus Christus as Verlosser en Here moet ook val op mense en volkereverhoudings, geregtigheid, armoede en rykdom, menseregte en -verantwoordelikhede (1982d:36). Dit impliseer egter nie 'n ongekwalifiseerde "comprehensive approach" nie; Smit verkies omeerder te praat van 'n omvattende of multidimensionele evangelieverkondiging (1982d:37).

Vanuit hierdie benadering van sending as omvattende evangelieverkondiging handhaaf Smit steeds 'n bepaalde onderskeid tussen sending en evangelisasie waarin hy die klem anders lê as in die nuwere besinning in die Lausanne-beweging en byvoorbeeld by Bosch (1991:409ev). In hierdie kringe word sending as die breër begrip, wat meer insluit as net evangelieverkondiging, verstaan. Evangelisasie word as spesifiek die verkondiging van die evangelie en die uitnodiging tot aanvaarding daarvan verstaan - dus as die hart of kern van sending. Vir Smit sou dit impliseer dat daar komponente van sending is wat naas Woordverkondiging en dus nie as essensieel deel van die (omvattende) Woordverkondiging verstaan word nie.

Wat die begrippe evangelisasie en sending betref, is die ooreenstemmende komponente in beide die begrippe die evangelie wat bedien word en die bedienaars daarvan. Die komponente wat verskil is die geadresseerdes en die wyse van bediening. Waar die geadresseerdes by sending die nog-nie gelowiges is, is dit by evangelisasie die nie-meer gelowiges en dit het implikasies vir die wyse waarop die verskillende groepe met die evangelie bedien word. Evangelisasie is dus die "omvattende bediening van die Woord deur die kerk aan die mens wat vervreemd is van Christus en Sy Woord en Sy kerk met die doel om hulle terug te lei na Christus en Sy Woord en Sy kerk" (Diktaat SDW 601, Deel A:58). Smit gee toe dat hierdie onderskeid op grond van die geadresseerdes en wyse van bediening in 'n toenemend gesekulariseerde samelewing, waarin die tradisionele kleur en geografiese kompo-

nente wegval, moeilik word en hy voorsien gevolglik die moontlikheid dat daar net een kerklike bedieningskommissie vir die tweërlei gerigtheid van sending en evangelisasie kan wees (1986b:69) - 'n weg wat die kerk uiteindelik sou volg (Handelinge Alg. Sinode 1990:501). Die vraag bly egter of sodanige onderskeiding tussen sending en evangelisasie steeds gehandhaaf behoort te word?

In die Departement word 'n kursus in sendingmetodiek ontwerp wat studente inlei in die baie fasette van die omvattende bediening en in die verskillende kontekste waarbinne so 'n bediening kan geskied. Dit handel oor byvoorbeeld die missionêre diakonaat(1982d), die armoedevraagstuk (1984), die kerk se sendingroeping in die industrie (1983b), in die plakkersgemeenskap, in die middestad en in die tradisionele, landelike gebiede. Studente word voorberei vir hul missionêre roeping ten opsigte van die tradisionele Afrika-mens, die verstedelikte, gesekulariseerde, post-moderne mens sowel as die bediening aan 'n verskeidenheid subkulture. Die aktuele verband tussen die kerk se sending en ekologie kom ook aan die orde. Op versoek van die ASSK lê Smit in 1985 'n studiestuk voor oor die kerk se roeping tot geregtigheid en versoening (1985a)- temas waaroor hy sy studente deurgaans laat besin. Na 'n besoek aan Kenia gee hy verslag oor die wyse waarop kerke daar hul profetiese roeping in en teenoor 'n sekulêre of selfs anti-Christelike staat nakom (1991a) - 'n werklikheid in die Afrika-konteks waarvoor hy sy studente lank reeds voorberei. 'n Helder visie op God se wêreld waarin die Koninkryksevangelie verkondig moet word, is vir hom dus onontbeerlik (1991e:53ev).

'n Besondere belangtellingsveld en navorsingsterrein is dié van die okkult(demonies)-gekwelde persoon. Teen die agtergrond van hierdie bekende verskynsel op die tradisionele sendingveld, maar ook die toenemende belangstelling in die okkulte by die post-moderne mens, plaas hy dit in missionêre perspektief en soek na Skrifgefundeerde bedieningsmodi om die evangelie van Jesus Christus in die subkultuur mee te bedien. Dit gaan vir hom nie om 'n ander soort bediening as net die een, omvattende bediening van die evangelie nie, of in die woorde van Mortimer Arias (wat hy telkens aanhaal): "The whole Gospel for the whole man and the whole world by the whole church" (Vgl Smit 1992d:43). Dit behels 'n pastorale verkondiging van Christus as volkome Verlosser, 'n pastorale gebedsbediening, 'n begeleiding tot heilstoeëiening, 'n betraffing van die demoon waar nodig, 'n bewuste breek met die okkulte en op die langtermyn lewensheiliging (1992d:49-51). In werkswinkels, optredes oor die radio,

publikasies (1992b) en praktiese betrokkenheid by die bediening aan okkult-gekweldes gee hy aan die kerk gebalanseerde leiding op 'n terrein waar dikwels groot sensasie en verwarring heers.

## 5. STAANPLEK EN DOELWITTE VIR DIE DEPARTEMENT SENDINGWETENSKAP

Wanneer die Fakulteit Teologie aan die UOVS in 1980 gestig word, is dit met 'n selfstandige Departement Sendingwetenskap. In die bepaling van 'n staanplek vir sendingwetenskap naas ander teologiese dissiplines, is die eerste departementshoof baie bewus van wat sy eertydse promotor genoem het: "Universaliteit en eigen kring in de missiologie" (Bergema 1956:1, Smit 1982e:3, 1991c:134).

Wat die universaliteit betref, is daar besliste raakvlakke met elke ander teologiese dissipline. Dit verkeer voortdurend in gesprek met ander teologiese dissiplines om dankbaar van hulle resultate gebruik te maak, maar ook om as frontliniewetenskap die probleme vars van die front af vir wetenskaplike verwerking na die teologie terug te voer (1982e:3). Met die hulp van die bibliologiese vakke word sending gefundeer en sendingvraagstukke uitgeklaar. As missio Dei het sending raakvlakke met haas elke leerstuk in die dogmatologiese vakke, en as missio ecclesia beweeg dit baie naby die ekklesiologiese vakke. Wat laasgenoemde betref is daar egter ruimte vir 'n selfstandige sendinggeskiedenis en geskiedenis van die ekumene. Saam met die diakoniologiese vakke het sendingwetenskap te doen met elke fasset van die een bediening van die kerk, maar dan met die missionêre dimensie daarvan.

Sendingwetenskap het vir hom egter ook "een eigen kring". Hy definieer dit as "die groep teologiese vakke wat besig is met God se Woordopenbaring oor Sy sending (Missio Dei) en die sendingbediening van Sy kerk (Missio Ecclesia) in die wêreld."(1991c:133). Wat sy indeling betref, lê hy die klem effens anders as ander susterfakulteite. Hy deel dit as volg in:

1 Teologie van die sending
2 Geskiedenis van die sending
3 Missionêre bedieningsmetodiek
4 Teologie van die wêreldgodsdienste en ideologië

Wat laasgenoemde afdeling betref, stel hy die doelwit pertinent:"'n teologiese besinning oor die wêreldgodsdienste en ideologieë wat religieuse

dimensies aanneem, ten einde die aanhangers daarvan te evangeliseer "(1991c:139). Dit is dus doelbewus nie bloot godsdienswetenskap nie, maar 'n teologiese dissipline. Wêreldgodsdienste soos Islam, Hinduisme, die Joodse geloof en Tradisionele Afrika-godsdienste word dus godsdienswetenskaplik bestudeer, maar dan ook bybels-teologies geëvalueer en missionêr gekonfronteer (Diktaat SDW 601,deel A:5).

Die missionêre konfrontering van nie-Christene stel die vraag na die aanknopingspunt en 'n moontlike dubbele fundering van die sending aan die orde. 'n Kernvraag in die sendingwetenskap is of daar by die heidense religieë en in die nie-Christen mens 'n natuurlike teologie (theologia naturalis) of 'n verlange na verlossing in Christus is waarby die evangelie van Christus kan aansluit? Vir Smit lê die aansluitingspunt nie in die mens self of die religieë nie, maar in die openbaring van God, met ander woorde die besigwees van God met elke mens in die natuur, die geskiedenis en die gewete. Teen hierdie openbaring, Bavinck noem dit religieuse beseffe, bied die natuurlike mens weerstand deur afgode te fabriseer. Dit is die openbarende God wat deur sy Woordopenbaring die mens roep tot 'n aflê van die weerstand en 'n gelowige aanneem van die God wat hom of haar heil soek. By hierdie besigwees van God met die mens kan die sending aanknoop. Dit bly vir Smit die speerpunt van sy missiologie en van sy benadering in die Teologie van die Wêreldgodsdienste(Diktaat SDW 601, Deel A:34 ev, 1992a:1-7).

Smit skryf 'n aantal diktate waarin sy eie teologiese benadering neerslag vind. Vir die sendingteologie gebruik hy egter ook Bavinck (1954), Verkuyl (1975) en Bosch (1979, 1991) en vir die sendinggeskiedenis Crafford (1982), Cronje (1991) en Neill (1964) as handboeke. Wat die sendingmetodiek en ekumeniese debat betref, skryf hy telkens nuwe, aktuele werke voor om gesprek en 'n kritiese oordeel by sy studente te stimuleer. Hy doen moeite om sy studente bloot te stel aan die sendingpraktyk en hulle vir die sending te motiveer - met die korrekte motiewe (1987c). Feitlik al die studente stel hulself jaarliks beskikbaar vir 'n bediening in 'n jongkerke of 'n missionêre situasie en 'n beduidende aantal het reeds beroepe hierheen aanvaar. Onder sy leiding is reeds 10 meester- en 3 doktorsgrade in sendingwetenskap voltooi. Die groot getal studente wat met 'n visie vir die missionêre dimensie van die gemeentebediening die arbeidsterrein van die kerk betreë, is egter waarskynlik die grootste invloed wat daar van hierdie Departement op die kerk uitgaan.

As eerste redakteur vestig hy die Fakulteit se teologiese publikasie as

erkende teologiese tydskrif. Hy is ook baie betrokke by voortgesette teologiese opleiding en pogings deur die Fakulteit om 'n teologiese diens aan 'n breër gemeenskap as net die Ned Geref Kerkfamilie te bied. Teologiese opleiding vir leiers in die Afrika Onafhanklike Kerke word as doelwit gestel en om die verruiming te help fasiliteer, pleit hy vir 'n tweede pos in die Departement Sendingwetenskap (Agenda OVS-Sinode 1991:310).

## 6. DIE KERKLIKE SENDINGPRAKTYK.

In noue samewerking met sy goeie vriend, ds L M Erasmus, die Vrystaatse Sendingsekretaris, lewer hy ook 'n groot bydrae tot die sendingpraktyk van die Vrystaatse Ned Geref Kerk. Vir 'n aantal jare dien hy as voorsitter van die Sinodale Kommissie vir Sending en Evangelisasie. As prioriteit stel die kommissie die vestiging van 'n visie vir die missionêre dimensie in die gemeentebediening. Gemeentes moes weer betrokke gemaak word by sinodale arbeidsterreine. Nou hiermee verbonde is die noodsaak om op gemeente-, rings- en sinodale vlak samewerkingstrukture tussen susterkerke in die NGK-Familie vir beplanning en die gesamentlike deurvoering van sendingprojekte te vestig. Met toewyding sou hy die teologiese basis hiervoor bied en dit op die breë kerklike terrein help vestig.

Hy bring talle besoeke aan plaaslike sendingterreine, sowel as arbeidsvelde in Natal, Noord-Kaap, Japan, Zambië, Lesotho, Caprivi en Boesmanland (Namibië). Met waardering het sendingleraars sy raad en bemoediging bejeën. Dit is veral aan sy entoesiame te danke dat die Vrystaatse kerk by die opbou van die klein gemeentes in Boesmanland betrokke geraak het. Studente is betrek by 'n navorsingsprojek van die Departement oor die opbou van die Boesmangemeentes (1983a, 1986a). Sy tuisgemeente neem onder sy leiding die verantwoordelikheid om een van sy studente as leraar daarheen te stuur en te onderhou. Deurgaans bly dit egter 'n worsteling om die kerk op gemeente-, rings- en sinodale vlak te oortuig om nie fondse vir eie opbou ten koste van die kerk se sendingroeping toe te ken nie.

Koos Smit bly egter te midde van al die werksaamhede self ook sendeling. Hy is as voorsitter van die Vrystaatse Vredesekretariaat intens betrokke by vredespogings in 'n situasie van toenemende konflik en geweld in die vroeë negentigerjare. Hy lewer waardevolle insette tot die Timoteus Instituut se lofwaardige projekte om leiers van die Afrika Onafhanklike Kerke teologies te skool. Saam met sy toegewyde eggenote lei hulle vir jare reeds hul gemeente se weeklikse sendingaksie in Pelenomi-Hospitaal. Met hul opregte

ywer, deurleefde Christenskap en nederige diensbaarheid inspireer hulle kollegas, studente, vriende en die kerk wat hul dien om te deel in hul bede om die koms van die Koninkryk: "bewaar u kerk en laat dit groei" (HK Sondag 48).

## ALGEMENE BRONNELYS


BAVINCK JH
1954. Inleiding in de Zendingswetenschap. Kampen:Kok.

BOSCH DJ
1979. Heil vir die wêreld. Pretoria:NGKB.

BOSCH DJ
1991. Transforming mission - Paradigm Shifts in Theology of Mission. Maryknoll:Orbis Books

BERGEMA H
1956. Universaliteit en eigen kring. Kampen:Kok.

CRAFFORD D
1982. Aan God die dank, Deel 1. Pretoria: NGKB.

CRONJE JM
1981. Aan God die dank, Deel 2. Pretoria: NGKB.

NEILL S
1975. A History of Christian Missions. Penguin Books.

RIDDERBOS HN
1966. Paulus. Ontwerp van zijn Theologie. Kampen:Kok.

ROBERTS JH
1963. Die opbou van die Kerk volgens die Efese -Brief. Proefskrif. Kampen.

ROBINSON P EN J BOTHA(reds)
1986. Wat is sending? Kaapstad:SKGA.

VERKUYL J
1975. Inleiding in de Nieuwere Zendingswetenchap. Kampen:Kok.


## BRONNELYS, J.H.SMIT


1974. *Die amp van die sendingleraar in die jongere kerke, met besondere verwysing na die Jongere Kerke uit die sending van die Nederduitse Gereformeerde Kerke in Suid Afrika.* Proefskrif, Stellenbosch.

1980. Die sending van die Ned.Geref.Kerk in die jare 80. ISWEN 2, 3-20.

1981a. "White" ecclesiology: a response to H.L.Pretorius: "White" South African ecclesiology. *Missionalia* 9, 33-34

1981b.(red.) Bediening en bedienaar in die kerk van Christus. Fakulteit Teologie Publikasie nr.1. UOVS.

1981c. Bediening en sending in eskatologiese perspektief. Fakulteit Teologie Publikasie nr.1. UOVS, 94-108.

1982a.(red.) Ek was siek. Fakulteit Teologie Publikasie nr.2. UOVS.

1982b. Lyding, siekte en genesing in teologiese perspektief. Fakulteit Teologie Publikasie nr.2. UOVS, 68-80.

1982c (red.) Die diakonaat as kerklike bediening. Fakulteit Teologie Publikasie nr.1. UOVS.

1982d. Diakonaat in missionêre perspektief. Fakulteit Teologie. Publikasie nr.1. UOVS, 22-43.

1982e. *Wit Teologie Swart Teologie en Hermeneutiese Beginsels*. Intreerede UOVS, Universiteitsdrukkers, UOVS.

1983a. Boeresending in die ring van Grootfontein. *Die Fakkel*. Jaarblad Fakulteit Teologie UOVS, 26-27.

1983b. Die wet van God in die industrie. Fakulteit Teologie. Publikasie nr.1. UOVS, 28-47.

1984. God op 'n besondere wyse die God van die armes? *Die Fakkel* Jaarblad Fakulteit Teologie UOVS Nr. 4.

1985a. Die NG Kerk as orgaan vir geregtigheid en versoening in Die Suid Afrikaanse konteks. *Die Sendingblad* 21. 11/12

1985b. Gesamentlike sendingwerk van die die NG Kerkfamilie. *Die Sendingblad* 21.6/7

1986a(red). Die Ned Geref Kerk onder die Boesmans - Grepe uit die navorsing van die Departement Sendingwetenskap aan die UOVS. *Acta Academica* Reeks D nr.4. UOVS.

1986b. Gesamentlike sending en die personeel daarvoor. Crafford D. en J J Kritzinger (reds.) Medewerkers vir God - 'n Simposium oor personeel vir die sending. ISWEN.

1986c Kerkeenheid en inheemse kerke in sendingperspektief. Du Preez et al, *Sendinggenade*. NGSU. Bloemfontein.

1987a Seperatisme voor kerkstigting. *NGTT* 28 (3). 166-196

1987b. "Kairos" eschatology. A Response to Albert Nolan. *Missionalia* Vol 15 nr.2. 70-71.

1987c. Missionary motives: in Pretorius et al. *Reflecting on Mission in the African Context*. Bloemfontein: Pro Christo.

1987d. Perspektiewe op die kerkraad en kerkraadsvergaderings. *Fax Theologica*

7(2). 60 -64.

1988a. Kerk sending en amp - 'n organiese eenheid in Roussouw P (red) *Gereformeerde Ampsbediening*. Pretoria:NGKB. 196-205.

1988b. Potgieter P.C. en J.H. Smit. *Vernuwing of Konfrontasie*. Lux Verbi, Kaapstad

1988c. Verbond en missionêre bediening. *Fax Theologica* 8(2). 54-63.

1988d. Die Sending in die Nederduitse Gereformeerde Kerk vandag. *Fax Theologica* 8(1). 24-42.

1988e. Strukture vir gesamentlike sendingbetrokkenheid. *Die Fakkel* Jaarblad Fakulteit Teologie UOVS.

1988f. Sending:'n wesenlike dimensie van Kerkwees, in Kongresbundel, Sendingjaar 1988 van die Ned Geref Kerk-Familie, 12-15 Julie, Univ Pretoria. 75-79.

1988g. *Rewolusie!?- Hoe kan 'n Christen van "Rewolusie" praat?* Bybelkor, Wellington.

1989a. Die swyggebod en die vrou in die amp. *Acta Theologica* 9(1). 22-30.

1989b. Lausanne 2 en die Kongres oor wêreld evangelisering. *Acta Theologica* 9(2). 85-90

1989c. Rassionalisasie en raffinering rondom die sendingwetenskap. *NGTT* 30(4). 550-557.

1990. Die getuienis van "kerk en samelewing" in normale gemeentebediening. *UV Teologiese Studies* nr.4 Pro Christo: Bloemfontein. 73-88.

1991a. Kenia-Kerke wat hulle profetiese roeping teenoor die staat vervul. *Acta Theologica* 11(2), 99-104.

1991b. Tentmakersendelinge -'n besinning daaroor in die Lausannebeweging. *NGTT* 31(3). 506-511.

1991c. Die Missiologiese vakke. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap* 27(3), 133-138.

1991d. G van der Watt en J H Smit. Prof G B A Gerdener en die sendingbeleid van afsonderlike kerke vir afsonderlike bevolkingsgroepe. *NGTT* 32(4). 673-685.

1991e. 'n Visie van God se wêreld waarin die Koninkryks-evangelie bedien moet word. *UV Teologiese Studies* nr.5. Fakulteit Teologie UOVS. 48-58.

1992a. 'n Dubbele fundering vir die sending of die vraag na die aanknopingspunt in Verster P (red) Sendingprobleme opnuut bekyk, Fakulteit UOVS 1-7.

1992b. (red) Die Evangeliebediening aan demonies (okkult) gekweldes. *UV Teologiese Studies*, nr.6. Pro Christo: Bloemfontein.

1992c. Wat is Satanisme? *UV Teologiese Studies* nr.6 Pro Christo: Bloemfontein 1-8

1992d Die evangeliebediening aan demonies gekweldes. *UV Teologiese Studies* nr.6. Pro Christo: Bloemfontein 42-52.

# DIKTATE:

SDW 601 Deel A, Teologie.
SDW 601 Deel B, Sendingwetenskap.
SDW 602 Deel A, Sendingwetenskap.
SDW 602 Deel B, Sendingwetenskap.
SDW 602 Deel C, Sendinggeskiedenis.